

DIE INTELLIGENTE KEUSE
INHEEMS, POENA, PROFYT



THE INTELLIGENT CHOICE
INDIGENOUS, POLLED, PROFIT

Tuli - die veeldoelige ras!

Die vermoë van die Tuli om voldoende gewig aan te sit en goeie vleis met die minimum vet te produseer, maak hom uiters mededingend vir die voerkraalbedryf waar hy goed vaar teenoor sogenaamde spesialis voerkraalrasse.

Volgens Gys Jooste van Douglas Beef Voerkrale op Douglas, moes hy onlangs 'n hoër premie betaal om die Tuli-diere wat beskikbaar was, te bekom. "Ek het gevind dat die Tuli 1,5 tot 1,6kg gewig per dag aansit en dat Tuli-kruisings selfs tot 2kg per dag aansit. Daarom is ek bereid om soveel as moontlik Tuli's in te koop," vertel Gys.

Goeie kenmerke vir goeie groei

Die Tuli-ras se gemiddelde gewig by kalwing is 32,6kg vir bulle en 31kg vir verse. Die gemiddelde speengewig beloop 209kg vir bulletjies en 194kg vir verse. Hierdie syfers van die Tuli vergelyk dus baie goed met dié van ander rasse.

"Tuli-bulle kan vir kruisings op enige ander ras gebruik word en aangesien sy oorerflikheidseienskappe so sterk is, word dit duidelik in kruiskalwers oorgedra en is

dit reeds by F1-kalwers sigbaar. Dit is egter belangrik om slegs van suiwer Tuli-bulle gebruik te maak om sodoende maksimum groei te verseker," beklemtoon Ben Raath van Donkerhoek Tuli's naby Britstown.

Studieresultate spreek vanself

Douglas Beef Voerkrale het twee jaar gelede 'n gekontroleerde vergelykende studie onder verskillende rasse in die voerkraal oor 'n tydperk van 113 dae gedoen. Na afloop van die studie is 'n Tuli-Drakensberger-kruising van Leslie Cook van die Amelia-stoetery in die Douglas-omgewing as die wenner aangewys. Dié dier het 'n gemiddelde daaglikse gewigstoename van 2,17kg getoon. Daar was 31 jong bulle in die proef.

"Twee van my bulle se seuns het goed gevaar. Een het die groeitoets met 'n daaglikse gewigstoename van 2,17kg gewen. In 2014 het 'n ander bul van die Amelia-stoetery se seun 2,02kg per dag gegroei met 29 bulle in die proef. Hy was een van agt bulle wat met meer as 2kg per dag gegroei het. Van my suiwer Tuli-speenkalwers het al gemiddeld 1,8kg per dag gegroei," vertel Leslie trots.

Kenmerke van die Tuli

Tuli's gee klein kalwers en het goeie uiers en spene. Die koeie maak die kalwers dus goed groot en is volgens Leslie die vrugbaarste inheemse ras in die land. Daar is ook 'n groot aanvraag na veral vroulike diere.

"Volgens Pieter Theron van Theron Voerkrale op Bapsfontein koop hy ook gereeld Tuli's en Tuli-kruisings wanneer die diere beskikbaar is, aangesien hulle goed in die voerkraal presteer."

Volgens Leslie tel die diere ook na die winter vinnig gewig op en behou hul kondisie. In proewe wat in Botswana oor 'n tydperk van 20 jaar gedoen is, is die Tuli as die mees winsgewende vleisbees aangewys.

Hieruit kan duidelik die afleiding gemaak word dat die Tuli en Tuli-kruisings



'n Tuli-koei met haar speenkalf.

nie net uitstekend op natuurlike weiding vaar nie, maar ook in die voerkraal uitblink.

Die Tuli is 'n suiwer inheemse ras wat sedert sy ontstaan 2 000 jaar gelede, deur natuurlike seleksie een van die gehardste en mees aanpasbare rasse is wat uitstekend op Suid-Afrika se Karoo- en marginale velde presteer.

"Tuli's is buitengewoon gehard en aanpasbaar en bied natuurlike weerstand teen inwendige en uitwendige parasiete asook siektes. Die gladde haarkleed bied beskerming teen bosluise."

"Die Tuli is ook uiters vrugbaar en kalf met gemak. Die dier beskik oor goeie moedereienskappe en het 'n uitstekende temperament. Sy ligter

"In navorsing wat deur die Texas A&M Universiteit op die Tuli gedoen is, is bevind dat die Tuli se oogspier-karkas-verhouding die beste van alle rasse ter wêreld is."

kleur bied meer weerstand teen uiterste hitte," is die mening van Charl van Rooyen, tegniese adviseur by die Tuli Beestelersgenootskap. Negentig persent van die huidige Tuli-ras in Suid-Afrika is poenskoppe wat arbeidskoste verminder en hantering vergemaklik. Volgens

Pieter Theron van Theron Voerkrale op Bapsfontein koop hy ook gereeld Tuli's en Tuli-kruisings wanneer die diere beskikbaar is, aangesien hulle goed in die voerkraal presteer.

In navorsing wat deur die Texas A&M Universiteit op die Tuli gedoen is, is bevind dat die Tuli se oogspier-karkas-verhouding die beste van alle rasse ter wêreld is. Wat meer wil 'n mens hê? Die perfekte bees vir die voerkraal.

Vir meer inligting kontak Ben Raath, vise-voorsitter van die Tuli Beestelersgenootskap by sel 083 468 6176 of epos braath@isat.co.za of Charl van Rooyen, tegniese adviseur, by sel 082 575 6370 of epos charl.cattle@gmail.com.

Tuli- en Tuli-Bonsmara-kruisings in die voerkraal.

